

KOMMISSIE HERVAT OP 29 MEI 1990.

EDWARD WEBB, nog steeds onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: U het op 1 Desember 1989 bevelvoerder van Spesiale Magte geword, nie waar nie? -- 1 Januarie 1989.

En op daardie datum het u dus ook voorsitter van die BSB geword? -- Korrek.

Wie het u, toe u nou bevel oorgeneem het ingelig ten aansien van die BSB? -- Ek was al voor die tyd ingelig deur die vorige (10) bevelvoerder. Daar was 'n hele oornametydperk gewees.

Wanneer het daardie oornametydperk begin? -- Ongeveer November 1988.

Wat was u agtergrond voordat u nou aangewys is as bevelvoerder van Spesiale Magte? Waar was u in die weermag gestasioneer op daardie stadium? -- Kort voor dit of praat u van my hele loopbaan?

Nee, kort voor dit? -- Ek was by die Leërgevegskool.

Ek sien. Het u enige kennis ten aansien van Spesiale Magte as sodanig gehad voordat u oorgeplaas is na Spesiale Magte toe?

-- Ja. (20)

Het u enige spesifieke kennis ten aansien van die BSB gehad?

-- Nee.

En u voorganger was generaal Joubert soos u nou reeds gesê het.-- Ja.

Het u enige kennis gehad van Barnicle, die voorganger van die BSB? -- Nee.

En enige van sy voorgangers, DK40? -- Nee.

Toe u nou aangewys word as die nuwe bevelvoerder sê u het generaal Joubert u voorgelig ten aansien van wat in die BSB as sodanig aan die gang is? -- Korrek, plus BSB self het dit ook (30) gedoen/...

gedoen.

Verskoning?-- Plus BSB het dit self ook gedoen.

Wie van die BSB het dit gedoen? -- Die besturende direkteur, kolonel Verster.

Waar is u van hierdie inligting voorsien?-- By 'n fasiliteit van BSB.

Hoeveel kere voordat u bevelvoerder geword het, het u met generaal Joubert en met mnr. Verster gesels? -- Met generaal Joubert verskeie kere. Met kolonel Verster, een keer in detail voorligting.

Ek volg. Is u op daardie stadium volledig oor die BSB se verskillende streke ingelig? -- Dit is korrek. (10)

Is u volledig oor Streek 6 ingelig? -- Ja.

Wat het u voorganger vir u ten opsigte van Streek 6 meegedeel? -- Dat, aangesien die vyand sy taktiek verander het was dit nodig gewees om Streek 6 te aktiveer sodat ons ook kon aanpas om die vyand sodoende van die binneland af te spoor na die buiteland toe. Dit is basies wat gesê is.

Wat bedoel u as u die woord aktiveer gebruik? -- Wel dit was 'n nuwe streek wat gestig was.

Met ander woorde gebruik u die term aktief en aktiveer net in die sin van in werking stel, oprig, stig? -- Korrek, in werking stel. (20)

So die konsep van Streek 6 het reeds vroeër bestaan. Is dit wat u sê? -- Ja.

Streek 6 is dus in die lewe geroep. Wat meer is aan u meegedeel ten opsigte van die take en funksies wat Streek 6 sou verrig? -- Streek 6 sou die vyand binnelands opspoor en na die buiteland toe deurvolg.

As u sê in die binneland opspoor wat bedoel u daarby?

-- Byvoorbeeld/... (30)

-- Byvoorbeeld die ANC het sy taktiek verander deur meer van blankes gebruik gemaak om teikens te verken en dat 'n mens dan kon bepaal wie is die persone wat dit doen, hoe word dit gedoen, wat is hulle kontakte dan weer na die buiteland toe en dat 'n mens dit dan so kon opvolg.

So met ander woorde verstaan ek u reg dat wat generaal Joubert vir u ten opsigte van Streek 6 gesê het, het betrekking gehad in die eerste instansie op verkenning? -- Dit is reg.

Het generaal Joubert enigiets vir u gesê ten opsigte van aktiewe funksies wat Streek 6 vervul? -- Nee, die aktiewe funksies sou daaruit voortspruit na die verkenning. (10)

Het generaal Joubert enigiets vir u gesê ten opsigte van operasies wat deur Streek 6 self uitgevoer sou word? -- Nee, geen operasies is op daardie stadium beplan nie.

Geen operasies was op daardie stadium, dit is nou November 1988?-- Korrek.

Wanneer het u mnr. Verster vir die eerste keer ontmoet? -- Ek het hom al leer ken in 1966 by Valskerm Bataljon.

Ja, wanneer het u hom die eerste keer ontmoet in sy hoe-danigheid as besturende direkteur van die BSB? -- Dit is onge-veer Desember 1988. (20)

Het u met hom oor die BSB as sodanig gesels? -- Wel, hy het my 'n volledige voorligting gegee.

Het u met hom oor Streek 6 gesels? -- Dit was deel van die voorligting.

Het hy vir u voorgelig ten opsigte van die take en funksies van Streek 6? -- Ja.

Wat het hy vir u meegedeel ten opsigte van Streek 6?

-- Dit/... (30)

-- Dit wat ek reeds vir u gesê het.

Met ander woorde het hy vir u dieselfde inligting gegee wat u voorganger vir u gegee het? -- Korrek.

U het op 1 Desember 1989 u diens aanvaar? -- 1 Januarie 1989.

1 Januarie verskoning, 1 Januarie diens aanvaar, korrek. Wanneer het u bewus geword van die feit dat Streek 6 ook operasioneel optree? -- Hoe bedoel u nou?

Wanneer het u bewus geword van die feit dat Streek 6 ... (tussenbei)

(10)

VOORSITTER: Ek dink wees meer spesifiek mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Ek was op die punt om dit te herformuleer.

Wanneer het u bewus geword van die feit dat Streek 6 ook binnelands teen die vyand optree? -- Dit was met die interne ondersoek.

Was dit die eerste keer wat u daarvan bewus geword het? -- Nee, behalwe op die twee gevalle wat ek privilegie gepleeg het.

Met ander woorde u was bevelvoerder van die BSB vanaf 1 Januarie 1989 tot en met Augustus 1989 voordat u bewus geword het daarvan dat die BSB ook binnelands aktief optree?-- Dit is reg, ja.

(20)

Toe u voorgelig is oor die BSB is die projeklêers aan u getoon?

-- Nee, op daardie stadium was daar nog nie projeklêers nie.

Aanvanklik toe ek voorgelig was het dit gegaan oor die inwerkingstelling soos ek vir u gesê het en uit die verkenning sou take dan voortspruit.

Maar die getuienis voor hierdie Kommissie is dat daar lêers in Streek 6 bestaan het ten opsigte van projekte soos byvoorbeeld die aanstelling van personeel.

VOORSITTER:/...

(30)

K73.0360

- 2075 -

WEBB

VOORSITTER: Die aanstelling van personeel is algemene lêers, dit

is nie Streek 6 lêers nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Wat van Projek Choice met respek mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Dit is net lêers wat ons in daardie verband gevind het, maar al die goed is tog, al die personeellêers was saam.

MNR. BERTELSMANN: Verstaan ek u met ander woorde korrek, die projeklêers wat u gesien het voor die begin ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, het u projeklêers gesien, enige projeklêers voor 1 Januarie 1989? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Ook nie buitelandse projekte nie? -- U praat (10)
nou van Streek 6, toe is Streek 6 net gestig. Daar was nog geen projeklêers op daardie stadium nie.

VOORSITTER: Nee, ek het u 'n wye vraag gevra. Het u enige ander projeklêers voor 1 Januarie 1989 gesien, voordat u oor-geneem het? -- Nee, nie projeklêers as sulks nie. Ek was wel voorgelig oor projekte, buite Streek 6.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde toe u bevelvoerder van BSB geword het, het u nie in detail kennis gedra van buitelandse projekte van die BSB nie? U het nie elke projeklêer van die buitelandse projekte deurgegaan nie? -- Nee, ek het nie elke (20)
projeklêer deurgegaan nie, maar ek was voorgelig oor die buitelandse projekte.

Vandat u die bevel oor die BSB oorgeneem het, was u uit die aard van die saak nog steeds lid van die generalestaf nie waar nie? -- Ja, maar ek was bevelvoerende generaal Spesiale Magte wat die totale Spesiale Magte insluit, waarvan BSB 'n baie klein gedeelte is.

Ek volg. Hoe dikwels het u nadat u bevelvoerder geword het/...

een keer 'n week 'n afspraak te maak.

En waar het daardie afsprake plaasgevind? -- By 'n fasiliteit van BSB.

Is dit korrek of is dit nie korrek nie dat enige projek wat daarna in Streek 6 geloods sou word aan u vir goedkeuring voorgelê moes word? -- Ja, ons praat nou van 'n operasionele projek.

Ons praat van 'n operasionele projek. -- Waar hulle by-voorbeeld persone in diens neem is dit nie nodig om dit aan my voor te lê nie. Waar hulle byvoorbeeld mense wil monitor is dit nie nodig om dit altyd aan my voor te lê nie.

(10)

Maar waar daar tot aksie oorgegaan sou word? -- 'n Aksie, ja.

Dan moet dit aan u voorgelê word? -- Korrek.

Wat van finansiële implikasies van projekte soos byvoorbeeld die monitering? -- Kyk in die begin is daar 'n produksieplan wat vooraf voorgelê word en in die produksieplan kan daar byvoorbeeld genoem word dat hulle gaan drie of vier monitoraksies uitvoer en daarvoor word dan voorsiening gemaak finansiëel sonder om dan op daardie stadium individue te iden-tifiseer.

Maar u getuienis was dat projekte wat finansiële implika-sies inhou deur u goedgekeur moes word. Is dit reg? -- Korrek.

(20)

Met ander woorde as daar besluit sou word om byvoorbeeld 'n teiken of 'n persoon in die Kaap te monitor wat uitgawes sou meebring ten opsigte van reiskoste, die betaling van mense wat daardie werk sou doen ensovoorts, moes daardie projek eers deur u goedgekeur word of nie? -- Dit is heeltemal korrek,

maar/...

K73.0474

- 2077 -

WEBB

maar u maak 'n vooruitskouing. So sonder om mense se name te noem kan jy al vooruitskouing maak deur te sê goed, hierdie een streek gaan byvoorbeeld, tien mense wil hulle monitor, so daar

(30)

word finansiële voorsiening gemaak vir daardie tien monitortors uit vorige ondervindings uit.

VOORSITTER: So is dit eintlik maar 'n begroting? -- 'n Begroting wat 'n mens vooruitskat.

Soos, verstaan ek u reg, sê u met ander woorde dat die begroting, u moet die begroting goedkeur? -- Kwartaalliks.

Kwartaalliks, maar ek lei af dat u dit sê dat u nie noodwendig presies weet wat die inhoud van die aksie gaan wees in die loop van daardie begroting nie? -- Korrek.

MNR. BERTELSMANN: So die spesifieke persone wat gemonitor sal (10) word hoef u nie noodwendig kennis van te dra om die projek as sodanig goed te keur nie? -- Korrek.

Met ander woorde as Streek 6 en mnr. Verster sou besluit om persone in die Kaap te monitor het hulle die magtiging gehad of het mnr. Verster die magtiging gehad, die bevoegdheid gehad om self te besluit wie daardie persone sou wees? -- In hierdie tipe organisasie is dit belangrik om bewegingsvryheid te hê. Jy kan nie gebonde wees aan normale "red tape" nie. So die streeksbestuurder of die besturende direkteur kan dan sê goed, monitor die kêrel, volg op en kyk wat gebeur.

(20) As enigiets uit hierdie monitering voortspruit, inligting verkry word moet daar verslag gedoen word aan u? -- Nie noodwendig as daar inligting verkry word nie, maar as uit die inligting uit voortspruit 'n operasie, ja.

As die operasie nou die normale funksie van ontwinging van die vyand behels, moet u geken word nie waar nie? -- Korrek.

U/...

K73.0537

- 2078 -

WEBB

U stem saam, miskien moet ons dit net eers onderstreep, u (30) was teenwoordig tydens al die getuienis wat hier voor die Kommissie afgelê is ten opsigte van die aktiwiteite van die BSB. Is dit

korrek? -- Met die meeste, ja.

En die getuienis was en ek aanvaar dat u daarmee saamstem, dat die funksie van die BSB as sodanig was om vyande van die Republiek van Suid-Afrika te ontwrig. -- Dit is die oorkoepelende doel van Spesiale Magte.

Goed en ... ekskuus ja, ek het u onderbreek.

VOORSITTER: Die getuie het nog nie klaar geantwoord nie. Hy sê dit is die oorkoepelende doel van Spesiale Magte. -- Korrek. Binne Spesiale Magte het ons verskeie spesialiste. Dit is nie vir daardie verskeie spesialiste om die totale ont-wrigting te (10) bewerkstellig nie. Dit word gedoen in die totale poging van Spesiale Magte plus ter ondersteuning nog van die res van die weermagsdele.

MNR. BERTELSMANN: Ek volg wat u bedoel.

VOORSITTER: Met ander woorde sê u BSB se ontwrigtingstaak is nie 'n aparte ontwrigtingstaak wat net aan BSB toegeken word nie, hulle is maar net deel van 'n groter ontwrigtingsmeganisme? -- Dit is reg.

MNR. BERTELSMANN: En hulle ontwrig nou op hulle besondere spesiale manier? -- Hulle eie spesialis manier. (20)

Wat kan insluit die breek van 'n venster tot die eliminerings van 'n mens? -- As u dit so wil stel, ja.

Met ander woorde indien uit die monitering wat Streek 6 beoefen het, daar aksies sou voortspruit wat daarop gerig was om vyande van die Republiek te ontwrig moes u in daardie verband geken gewees het. Is dit reg? -- Dit is reg.

Is daardie feit uitdruklik deur u en kommandant Verster of/...

K73.0600

- 2079 -

WEBB
(30)

of mnr. Verster bespreek? -- Dit is 'n staande reël.

Is daardie reël ooit op skrif gestel? -- Nee, ek glo nie dit

is op skrif nie, maar mondelings is dit oorgedra, plus dit is neergelê, die kanaal van goedkeuring wat gevolg moet word.

En daardie kanaal loop van die streekbestuurder na mnr. Verster na u. Is dit reg? -- En van my af hoër.

En as u die mening toegedaan is dat - op watter stadium moet u dit na hoër gesag verwys? -- Sodra dit enige aksie behels.

Met ander woorde sê u vir hierdie Kommissie dat as daar optrede teen 'n persoon beoog word moet u magtiging by hoër gesag kry? -- Enige aksie moet ek magtiging by hoër gesag kry.

Goed, wie is daardie hoër gesag? -- As ons praat van die ANC (10)
dan gaan ek na 'n sekere weermagsdeel hoof toe en as ons nie praat van die ANC nie gaan ek na 'n ander stafoffisier toe.

Goed, na wie toe? -- Is dit belangrik mnr. die Voorsitter?

Dit mag baie belangrik, verskoning.

VOORSITTER: Kom ons wag net so 'n bietjie. Kan u maar net die persoon se posisie vir ons voorlopig stel? -- Met die ANC is dit die Hoof van die Leër.

Die ANC is die Hoof van die Leër, ja. -- En die res is dan die Hoof van Staf van die weermag.

Die res is Hoof staf ...? -- Die Hoof van Staf/Operasies van (20)
die weermag.

Dan is dit HSO? -- HSOPS.

HSOPS, goed.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde as daar byvoorbeeld 'n projek sou bestaan het om lede van 'n sogenaamde
frontorganisasie/...

K73.0666

- 2080 -

WEBB

frontorganisasie se Kombi uit te brand, kon u nie magtiging daarvoor gee nie? -- Dit is reg.

U moes dit verwys as die frontorganisasie wat verdink was (30)
daarvan dat hy 'n frontorganisasie van die ANC na 'n hoër gesag?

-- Korrek.

Na die Leër toe, Hoof van Staf Leër en as dit 'n ander organisasie was na die Hoof van Staf/Operasies? -- Korrek.

VOORSITTER: Nou sou die Hoof van die Leër of die Hoof van Staf/Operasies weet dat dit 'n BSB operasie is of sal hulle weet dit is 'n Spesmag operasie? -- Net Spesiale Magte. Nie geïdentifiseer wie in Spesiale Magte nie.

MNR. BERTELSMANN: So is die bestaan van die BSB as sodanig, of die feit dat die BSB gaan optree nie aan sodanige offisiere geopenbaar nie? -- Dit sal nie algemene kennis wees nie. Hy kan (10)
natuurlik die vraag vra wie gaan dit doen. Hy is by regte om dit te vra.

Ek volg. Nou u sê daardie reël dat goedkeuring verkry moet word vir enige optrede is mondeling aan mnr. Verster oorgedra.

Is dit korrek? -- Mnr. Verster is baie langer in die organisasie. Hy weet presies wat die kanaal is wat gevolg moet word.

En as daar enige projekte sou bestaan wat aangepak is om aktief teenoor mense op te tree waarvan u nie kennis gedra het nie dan is dit gedoen deur - wie moet daarvoor verantwoorde-likheid (20)
aanvaar? -- Wel die individu sal daarvoor verantwoor-delikheid moet aanvaar.

So met ander woorde kom ons vat dit na die praktyk toe, uit u getuienis blyk dit dat u nie kennis gedra het volgens wat u sê van die Evans-projek nie. Is dit reg? -- Die elimi-nering, ja.

U/...

K73.0749

- 2081 -

WEBB

U het nie daarvan kennis gedra nie? -- Nee.

Dit is nie aan u voorgelê nie? -- Korrek.

Dit moes aan u voorgelê gewees het? -- Ja.

Dit moes aan u voorgelê gewees het deur mnr. Joe Verster?

(30)

-- Ja.

Is dit reg dat mnr. Joe Verster die enigste kanaal was waardeur u met die BSB in aanraking gekom het? -- Korrek.

Die feit dat mnr. Joe Verster dit nie aan u voorgelê het nie is 'n verontagsaming van 'n bestaande bevel.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, dit voorverondestel.

VOORSITTER: U ignoreer nou mnr. Verster se getuienis.

MNR. BERTELSMANN: Sou dit, as dit dan so is dat mnr. Verster dit nie aan u voorgelê het nie? -- As dit so sou wees dat mnr. Verster dit sou goedgekeur het op sy eie.

Op sy eie dan sou dit waarskynlik ...? -- En as dit sou wees as die taak sou uitgevoer gewees het dan is die kanale nie gevolg nie. (10)

En as die beplanning stadium ten opsigte van die eliminerings van mnr. Evans reeds 'n aanvang geneem het, met ander woorde dat mense gewerf is om hom dood te maak? -- Watter beplanning stadium praat u nou van.

Goed, kom ons vat dit stap-vir-stap. Daar word besluit dat mnr. Evans gemonitor gaan word. Daardie besluit hoef u nie bygeken te word nie. Is dit reg? -- Dit is reg.

Daarna word besluit om mnr. Evans te elimineer. -- Ek dink dit is 'n aanname wat u maak. (20)

Nee, daar is getuienis voor hierdie Kommissie dat daar so 'n besluit geneem is. U sê daarvan dra u nie kennis nie. Is dit reg? -- Eliminering, nee.

As dit, onder normale omstandighede moes u daarvan in kennis/...

K73.0810

- 2082 -

WEBB

kennis gestel gewees het. Is dit reg? -- Wel, ek sou eers 'n voordrag moes gekry het oor hoekom en waarom. (30)

Goed, ja ...? -- En dan sou ek eers beginselgoedkeuring moes

gekry het by my seniors.

Presies en as u nie daarvan in kennis gestel is dat daar stappe geneem is om mnr. Evans te elimineer nie of dat daar besluit is om hom dood te maak dan is hierdie staande reëls nie nagekom nie, nie waar nie? -- Deur die spesifieke individu wat dan nie die kanaal gevolg het nie, ja.

Presies. Met ander woorde daar was òf by mnr. Verster òf by sy ondergeskiktes 'n verbreking van die staande bevel.

MNR. HATTINGH: Nie by mnr. Verster nie.

VOORSITTER: Nee, hy sê òf, òf.

(10)

MNR. HATTINGH: Ja, maar hy moet hom glad nie eers in die alternatief insluit nie, want mnr. Verster sê hy het self ook nie daarvan geweet nie.

VOORSITTER: Ek dink dit is alles op hipotese. Ek dink die Evans-geval word bloot as hipoteties gebruik, maar ek dink mnr. Bertelsmann die antwoord is vanselfsprekend.

MNR. BERTELSMANN: Maar met respek mnr. die Voorsitter, daar is getuienis voor hierdie Kommissie dat daar inderdaad beplan is om mnr. Evans ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, maar dit is vanselfsprekend dat as die goed-keuring nie verkry is nie dat daar 'n verbreking was van die reël. So ek, dit is al wat ek sê en dit is wat u vir die getuie vra.

(20)

MNR. BERTELSMANN: Dieselfde sou van toepassing wees ten opsigte van die geval van Dullah Omar. Is dit reg? -- Van-selfsprekend.

U het ook nie kennis gedra, as ek u getuienis nagaan van die/...

K73.0879

- 2083 -

WEBB

die plan om 'n drukkery in die Kaap af te brand nie. Is dit reg?

(30)

-- Korrek.

U het ook nie kennis gedra van die plan om sekere Kombi's

uit te brand nie. Is dit reg? -- In die Kaap?

In die Kaap. -- Korrek.

En in Suidwes? -- Dit is buitelands. Ek antwoord nie vrae daaroor nie.

U antwoord nie vrae daaroor nie. As ek u getuienis reg verstaan verkies u om nie te antwoord ten opsigte van u be-trokkenheid by die Athlone-projek nie, korrek? -- Korrek.

Uit u getuienis tot op hierdie stadium is dit baie duidelik, is dit nie, dat die gedagte dat Streek 6 van die BSB aktief binnelands teen die vyand sou optree, vir u hoegenaamd nie vreemd voorkom nie. Is dit reg? -- Ons het geen magtiging om binnelands op te tree nie. Dit is baie duidelik. In my bevelstruktuur staan dit baie duidelik, ons tree buitelands op. (10)

Nou u was hier teenwoordig toe mnr. Van Zyl getuienis afgelê het, nie waar nie? -- Nee.

Was u nie hier nie? -- Nee.

Is u van sy getuienis in kennis gestel? -- Ja.

Mnr. van Zyl se getuienis is nooit ten opsigte van sy optrede in die BSB in geskil geplaas nie deur die verteenwoordigers van BSB nie waar nie? -- Ek weet nie. (20)

Mnr. van Zyl se getuienis was onder andere dat hy tydens sy opleiding reeds, meegedeel is dat Streek 6 operasioneel sou funksioneer en aktief teen vyande sou optree. Dra u daarvan kennis? -- Bedoel u binnelands of buitelands?

Binnelands? -- Wel dit is verkeerd, dit moet nie so wees nie.

Dra/...

K73.0965

- 2084 -

WEBB

Dra u daarvan kennis dat mnr. Van Zyl tydens sy opleiding aldus voorgelig is? -- Nee, ek dra nie daarvan kennis nie. (30)

Goed, u betwis nie dat dit gedoen is nie? -- Ek weet nie of dit gedoen is nie.

U was teenwoordig, was u nie, toe Christo Brits se getuienis afgelê is, nie waar nie? -- Ja.

U was ook, wil ek aanvaar, bewus daarvan dat Christo Brits se beëdigde verklaring voorberei is vir hierdie Kommissie, nie waar nie, op 20 April vanjaar? -- Ek weet nie watter datum nie.

Was u bewus daarvan? -- Ek aanvaar hy moes 'n verklaring voorberei het.

Het u die verklaring gesien? -- Ek het die verklaring gesien, ja.

Voordat dit aan die Kommissie voorgelê is? -- Nee.

Toe die verklaring deur hom onder eed bevestig is was u hier in die Kommissiesaal teenwoordig, nie waar nie? -- Ja. (10)

U en mnr. Brits word deur dieselfde advokate en prokureurs verteenwoordig, nie waar nie? -- Ja.

U weet dat mnr. Brits getuig het en ek verwys na sy be-edigde verklaring, bladsy vyf daarvan, paragraaf 7.

VOORSITTER: Wat is die bewysstuk nommer?

MNR. BERTELSMANN: C26.

VOORSITTER: Paragraaf 7?

MNR. BERTELSMANN: Ja, paragraaf 7, dit is 'n lang paragraaf op bladsy vyf. (20)

"Dit het egter in uitsonderlike gevalle gebeur dat die wyse waarop sodanige inligting verkry is, dit nie moontlik gemaak het om die inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisie vir optrede te oorhandig nie."

Hy/...

K73.1026

- 2085 -

WEBB

Hy praat nou oor binnelandse vyande, u onthou hierdie passasie?

-- Ja.

"Dit was byvoorbeeld so wanneer die identiteit van die bron van die inligting nie openbaar gemaak kon word nie. Die (30)

openbaarmaking van inligting in so 'n geval sou dan noodwendig meebring dat daar nie op die normale wyse teen sodanige persone opgetree kon word nie. In sulke uit-sonderlike gevalle (gaan hy aan) waar die vyand sy eie optrede genoodsaak het, het die BSB ter goeder trou en ter uitvoering van sy plig om die veiligheid van die staat en sy onderdane te verseker dit as noodsaaklik beskou om self teen sodanige persone op te tree."

U het hierdie getuienis gehoor, nie waar nie? -- Ja.

Daardie getuienis is nie deur die regsverteenwoordigers van die BSB aangeval nie. Is dit korrek? (10)

VOORSITTER: Ek dog hulle het self die beëdigde verklaring opgestel.

MNR. BERTELSMANN: Dit is so mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Nou hoe kan hulle dit aanval?

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter, ek dink die punt is relevant, nie waar nie? -- Ja.

VOORSITTER: Die vraag is of u daarmee saamstem? Stem u saam dat in uitsonderlike gevalle het die BSB ter goeder trou en ter uitvoering van sy plig dit as noodsaaklik beskou om self teen sodanige persoon op te tree? -- Kan ek daardie vraag beantwoord sonder om my privilegie op te sê? (20)

Ja, ek weet nie of u kan nie.

MNR. BERTELSMANN: Is u bekommerd dat as u hierdie vraag be-antwoord, u uself moontlik mag inkrimineer?

VOORSITTER: Behalwe nou, buite die twee gevalle wat u reeds genoem/...

K73.1082

- 2086 -

WEBB

genoem het? -- Buiten die twee gevalle, ja.

(30)

Kan u uself verder inkrimineer?-- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Goed, buite die twee gevalle waar u uself nou

reeds, ten opsigte waarvan u u op u privilegie beroep.

VOORSITTER: Nou kan ek dit vir u dan so stel: Behalwe die twee gevalle waarop u u op u privilegie beroep weet u van enige uitsonderlike gevalle of sogenaamde uitsonderlike gevalle waar die vyand sy eie optrede genoodsaak het dat die BSB self teen sodanige persone binnelands opgetree het? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Dit gaan vir my meer om die beginsel. Stem u saam daarmee dat die BSB dit as sy plig beskou het om in uitsonderlike gevalle binnelands teen vyande van die staat op te tree.

(10)
VOORSITTER: Ek dink die probleem is, hy sê daar is twee gevalle, hy weet van twee, daar is twee gevalle wat hieronder val, waarop hy privilegie pleit. Hy weet van geen ander geval nie. Nou weet ek nie hoe hy die vraag gaan antwoord sonder om van sy privilegie te moet afstand doen nie, tensy u kan suggereer hoe 'n mens dit kan regkry.

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit gaan net oor die beginsel mnr. die Voorsitter as ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar ek dink die beginsel is duidelik, dit is die getuienis wat namens BSB voorgelê is.

(20)
MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Mnr. Verster se getuienis - nee, verskoning - hoe dikwels het u ten aansien van die BSB verslag gedoen aan die Generalestaf? -- Wanneer dit nodig was.

Met ander woorde daar was nie 'n gereelde rapportering nie? -- Nee.

Was daar enige skriftelike rapportering ten aansien van die/...

van BSB? -- Ek het aan die Hoof van Weermagstaf verslag gedoen op 'n stadium, aan die Hoof van die Leër en aan HSOPS.

En wanneer u verslag gedoen het oor wat die BSB gedoen het, is die BSB by name genoem? -- Een geval kan ek my herinner, ja.

VOORSITTER: Wie was dit? -- Dit is die Hoof van die Leër, Hoof van Weermagstaf en HSOPS.

MNR. BERTELSMANN: Was dit by 'n gesamentlike vergadering? -- Ja.

Wanneer was dit kan u vir ons sê? -- Dit is seker hier September, Oktober, in daardie omgewing.

1989? -- Ja, het ek eintlik oor die hele Spesiale Magte terugvoer gegee wat BSB ingesluit het. (10)

Bestaan daar 'n notule van daardie vergadering? -- Dit was nie 'n vergadering nie, dit was 'n terugrapportering van my aan die Generalestaf.

Ja, bestaan daar 'n notule van die terugrapportering? -- Daar bestaan notas van my, ja.

Waar is daardie notas? -- In my brandkluis.

Kan u daardie notas aan die Kommissie ter insae beskikbaar stel?-- Ek kan dit aan die Kommissie ter insae beskikbaar stel, ja. (20)

Gaaf. Behalwe nou daardie een terugrapportering, by hoeveel ander geleenthede het u die Generalestaf ten opsigte van BSB en sy aktiwiteite in kennis gestel? -- U sê nou die Generalestaf. Dit is nie die Generalestaf wat voorgelig is nie, dit is lede van die Generalestaf.

Of/...

K73.1218

- 2088 -

WEBB

Of aan lede van die Generalestaf. -- Wel in my gesprek met HSOPS dan sou ek in die algemeen gepraat het oor Spesiale Magte en dan sou daar noodwendig ook oor BSB gepraat gewees het en so per geleenthede ook as ek met die Hoof van Leër gepraat het sou (30)

ek dieselfde gedoen het.

Bestaan daar ten opsigte van daardie ontmoetings van daardie besprekings, bestaan daar notas daaromtrent? -- Nee.

Met ander woorde daar is net een geval waar u notas gemaak het? -- Korrek.

Die verskillende projeklêers wat vir Streek 6 ontstaan het, is geopen soos en wanneer projekte geïdentifiseer is. Is dit reg? -- Ja.

Hoe gereeld moes sodanige lêers aan u voorgelê word? -- By die voorlegging van 'n operasie dan was die lêer ook voor-gelê (10)
na 'n voorligting.

Met ander woorde daar het nie 'n reël bestaan dat u al die lêers van die BSB se binnelandse steek van tyd tot tyd ter insae kry nie? -- Nee.

Kon u dit gedoen het as u wou? -- Ek kon dit seker gedoen het as ek wou, ja.

U het dit op geen stadium gedoen nie? -- Nee, ek het nie tyd gehad nie.

U het trouens op geen stadium, as ek dit nie mis het nie, al die lêers van BSB nagegaan nie, binnelands of buitelands nie, (20)
nie waar nie? - Ja.

Trouens op die stadium toe hierdie Kommissie se ondersoek begin het was u nie seker hoeveel mense in diens van die BSB is nie of was nie op daardie stadium? -- Nee, ek het vir die Voorsitter getalle gegee wat ek gewysig het in my verklaring.

VOORSITTER: Ja, maar wat die advokaat sê u was nie seker
gewees/...

K73.1279

- 2089 -

WEBB

gewees nie? -- Nee, ek was nie seker nie.

(30)

Ons indruk was dat u daardie inligting by iemand anders moes vra?-- Dit is reg.

MNR. BERTELSMANN: En by wie het u daardie inligting gekry? --
By lede van BSB.

By watter lede van BSB? -- Die, ek wil amper sê die tweede
in bevel. Sy naam was nog nooit hier genoem nie, ek gaan ook
nie sy naam noem nie.

Het hy 'n administratiewe naam? -- Ja.

Wat is sy administratiewe naam? -- Kan ek dit maar noem mnr.
die Voorsitter?

VOORSITTER: Ja wat. -- Heiner.

MNR. BERTELSMANN: Nee, sy naam is genoem. Sy naam is genoem in
verband met opleiding. Was dit hy wat vir u in die eerste
instansie, toe u 'n beëdigde verklaring gemaak het van die getalle
voorsien het? -- Nee, hy het vir my in die tweede in-stansie. (10)

Nou wie het vir u in die eerste instansie? -- Ek dink ek het
met kolonel Verster gesels. Dit was voor sy inhegtenis-name
gewees.

Nou u verwys gedurig na hom as kolonel Verster. Het hy nog
'n militêre rang? -- Wel, sy rang is nie opgesê nie. Nadat jy
'n majoor geword het, mag jy jou rang behou in die siviele lewe.

Met ander woorde, maar u sien hom klaarblyklik nog in 'n
militêre opset nie waar nie? -- Natuurlik, ja. (20)

En u sien BSB ook in 'n militêre opset? -- Ja.

En u sien BSB trouens as deel van die weermag as sodanig?
-- Van Spesiale Magte, ja.

Van Spesiale Magte, goed. Met ander woorde om terug te
keer/...

K73.1338

- 2090 -

WEBB

keer na die lêers toe, u het die lêers ter insae gekry soos en
wanneer mnr. Verster lêers aan u voorgelê het? -- Korrek. (30)

En u was in daardie opsig in mnr. Verster se hande. Is dit
reg? -- Hoe bedoel u in sy hande?

Wel as mnr. Verster besluit het om 'n sekere projek nie aan u voor te lê nie, dan kon hy dit net eenvoudig teruggehou het, nie waar nie? -- Nee, maar ek dink u maak 'n aanname. Daar is geen rede hoekom mnr. Verster van my af 'n projek sou weerhou nie.

Wat ek aan u stel is die volgende: U het geen kontrole oor die optrede van mnr. Verster gehad nie waar nie? -- Nee, hoe kan u dit vir my sê, geen kontrole nie?

As mnr. Verster vir u argumentsonthelwe sou sê daar bestaan 15 projeklêers dan het u dit aanvaar, nie waar nie? -- Ja.

(10)

En as daar twee ander projeklêers bestaan het wat mnr. Verster nie aan u voorgelê het nie, dan het u geen manier gehad om uit te vind dat daar sodanige projeklêers bestaan het nie, nie waar nie. -- Ek het geen rede om mnr. Verster te verdink dat hy agter my rug iets sou gedoen het nie.

Ek sien en as mnr. Verster sou besluit om byvoorbeeld 'n bestaande projeklêer se of altans 'n bestaande projek te aktiveer na die volgende stadium, soos byvoorbeeld die eliminerings van 'n persoon te gaan en hy het besluit om dit nie vir u voor te lê nie, dan het u ook geen beheer daarvoor gehad of hy dit doen en of hy dit nie doen nie, nie waar nie? -- Ek aanvaar nie. Ek en kolonel Verster het nie so 'n werksverhouding gehad nie. Vir watter rede sou hy agter my rug iets probeer doen het.

(20)

Die punt is, die struktuur was sodanig dat alle inligting
wat/...

K73.1403

- 2091 -

WEBB

wat van BSB af gekom het, deur mnr. Verster gekom het, korrek, na u toe? -- Wanneer ons nou daardie kwartaallikse begrotings gedoen het, daarna is daar sekere finansiële kontroles wat uitgespel word in daardie finansiële handleiding van die mense.

(30)

So indien iemand 'n projek sou inisieer sonder dat my magtiging

daarby is dan sal iemand dit opgetel het in hierdie kanaal. So ek wil nie hierdie twyfel wat u by my saai, aanvaar ek nie.

Kom ons kyk dan na die praktiese situasie. Wanneer het u in die finansiële kanaal opgetel dat daar geld, dat geld uitgegee is op die werwing van Peaches om Dullah Omar om die lewe te bring?

VOORSITTER: Is Peaches gewerf om Dullah Omar om die lewe te ...
(tussenbei)

MNR. BERTELSMANN: Daar is fondse aan hom beskikbaar gestel.

VOORSITTER: Nee, maar u het gesê dat Peaches is gewerf om Dullah Omar om die lewe te bring. Is dit reg?

MNR. BERTELSMAN: Laat ek die vraag herformuleer, dat fondse aan Peaches gespandeer is vir die projek om Dullah Omar om die lewe te bring. (10)

VOORSITTER: Ja, maar u sien mnr. Bertelsmann, ek het 'n probleem met soos u die vraag stel. U voorveronderstel nou en die getuie sê hy aanvaar nie u voorveronderstelling nie. U voorveronderstel dat mnr. Verster nie die waarheid gepraat het toe hy gesê het dat hy het nie goedkeuring gelewer vir Dullah Omar nie, u volg, want dit gaan oor wat tussen mnr. Verster en hierdie getuie gebeur het?

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit gaan oor die struktuur met respek. (20)

VOORSITTER: Nee, u het aan hom gestel dat mnr. Verster het iets gedoen waartoe hy en iets van hom weggesteek het. U het
as/...

K73.1470

- 2092 -

WEBB

as voorbeeld genoem die Dullah Omar-geval.

MNR. BERTELSMANN: Nee, met respek mnr. die Voorsitter, dan het u my nie korrek verstaan nie. Ek het vir die getuie die volgende gesê, dat hy afhanklik was van mnr. Verster ten opsigte van sy kennis van die BSB. Daarop het die getuie geantwoord: "Nee,
ek was nie net van hom afhanklik nie ... (tussenbei) (30)

VOORSITTER: Daar is kontrole.

MNR. BERTELSMANN: Daar was finansiële kontroles. Toe vra ek die getuie wanneer het hy deur middel van die finansiële kontrole bewus geword daarvan dat daar uitgawes ten opsigte van Dullah Omar aangegaan is, ten opsigte van Dullah Omar se eliminering en dit mnr. die Voorsitter is nie afhanklik van mnr. Verster se optrede dit slaan op die vraag of daar ander middele en weë was om beheer oor die BSB se Streek 6 uit te voer of uit te oefen.

VOORSITTER: Het u bewus geword van die feit dat daar geld spandeer is aan mnr. Dullah Omar? -- Nee. Dit is nog voor die interne ouditeur aangestel was en dan wat die eksterne ouditeure ook sal bykom, so uiteindelik sal dit opgetel word. Dit is nie noodwendig dat wat vandag gebeur môre opgetel word nie. (10)

Maar dit was nog alles in die finansiële jaar mnr. Bertelsmann, wat nog nie by oudit gekom het nie.

MNR. BERTELSMANN: Wel dit mag so wees met respek mnr. die Voorsitter. Met ander woorde wat u vir die agbare Kommissaris sê is die volgende: Tensy die ouditeur aan die einde van die finansiële jaar uitgawes van hierdie aard optel en uitvind was daar geen metode waarop u kon seker maak wat in die BSB aangaan tensy mnr. Verster vir u daaromtrent ingelig het/... (20)

K73.1546 - 2093 - WEBB
het nie. Is dit reg? -- Wel die oudit is een metode van beheer en dan die vertrouwe wat jy het in jou ondergeskikte.

Nee, die punt is, behalwe hierdie oudit moes u staatmaak op wat mnr. Verster vir u gesê het? -- Wanneer die produksie-plan voorgelê word dan praat die streekbestuurders direk met my ook en as hulle voel dat iets nie reg is nie, kon hulle dit ook vir my genoem het.

Ek sien, goed, behalwe vir daardie voorleggings was u in die hande van òf die streeksbestuurders òf dan mnr. Verster, korrek? (30)

-- En die oudit.

En die oudit. Het mnr. Verster? -- Ekskuus tog en die finansiële bestuurder ook.

Wat by so 'n voorlegging kon gepraat het? -- Nee-nee, die finansiële bestuurder het ook sekere finansiële pligte om uit te voer. Maandeliks moet hy die voorskotrekenings en alle registers nagaan en maandeliks moet hy aan my 'n sertifikaat uitreik, nie aan my as persoon nie, maar aan my senior stafoffisier van finansies. Met ander woorde dit is nog 'n persoon wat buite staan wat sal optel dat hier fondse vloei wat nie behoort te vloei nie. (10)

Dan is daar natuurlik nog 'n verdere buigzaamheid en dit is dat na jy die kwartaallikse begroting goedgekeur het vir 'n streek, dan kan die streek-bestuurder - byvoorbeeld sê hy het R1 000 gekry, dan mag hy daardie R1 000 skuif tussen projekte wat vir hom prioriteit raak, maar hy mag nie meer as R1 000 gebruik nie en as hy dan meer as dit gaan dan sal die finansiële bestuurder, behoort dit ook op te tel plus die ander mense wat ook finansiële werk moet doen daaromtrent.

Goed, nou dwarsdeur die finansiële jaar het enigeen van òf die finansiële bestuurder òf dan die ouditeur of die streekbestuurders/... (20)

K73.1631

- 2094 -

WEBB

streekbestuurders u aandag daarop gevestig dat fondse aangewend is om die eliminasië van Dullah Omar voor te berei? -- Nee.

Is u aandag deur enigeen van hierdie persone ooit op die eliminerings van mnr. Evans gevestig? -- Nee.

En die fondse wat in verband daarmee spandeer is? -- Nee.

Het mnr. Verster - mnr. Verster het uit die aard van die saak niks vir u gesê daaromtrent nie? -- Maar Verster het nie geweet nie. (30)

Goed, dit is soos hy sê. Het mnr. Verster die bevoegdheid

gehad om personeel vir Streek 6 aan te stel? -- Ja.

Moes hy u ken in daardie verband? -- Hy sou my ken in senior aanstellings, ja.

Maar die aanstellings van bewustelike lede? -- Nie noodwendig nie.

Nie noodwendig nie. Het hy u geken in die aanstelling van bewustelike lede van Streek 6? -- Ek was bewus van die streeksbestuurder.

Is dit die enigste persoon?-- Korrek.

VOORSITTER: Die streeksbestuurder was aangestel voordat u daar gekom het, ja. (10)

MNR. BERTELSMANN: U het geen kennis gedra van die aanstelling van enige ander persoon soos byvoorbeeld Barnard of Theuns Kruger of so 'n persoon nie?

VOORSITTER: Ek dink hulle was almal aangestel voor hierdie getuie daar gekom het.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Is dit reg? -- Dit is reg.

U het personeelbeleid as sodanig nie met mnr. Verster nagegaan/... (20)

K73.1698 - 2095 - WEBB

nagegaan nie. Is dit reg? -- In watter opsig?

Dat u nagegaan het wie byvoorbeeld in diens van Streek 6 is nie? -- Nee.

Was u bewus daarvan dat vir sommige van die funksies en take van Streek 6 mense uit die onderwêreld gewerf is om Streek 6 te help? -- Nee.

Moes u daarvan in kennis gestel gewees het? -- Nee.

Het dit binne die diskresie van mnr. Verster geval? -- Of binne sy streekbestuurder se diskresie. (30)

Of binne sy streekbestuurder se diskresie. U sou geen

beswaar daarteen gehad het nie? -- Dit hang af van watse taak verrig moes gewees het.

Afhangende van omstandighede sou u nie beswaar gehad het daarteen nie? -- Nee, ek persoonlik hou nie daarvan om persone wat kriminele rekords het in diens te neem nie.

Maar u sou, afhangende van omstandighede dit toegelaat het? -- As ons praat van die buiteland dan kan 'n mens snaakse mense werf om sekere take te verrig.

En binnelands? -- Binnelands nee, ons mag nie binnelands optree nie.

En as daar binnelands mense met snaakse rekords gewerf is? (10)
-- Ek sou nie daarvan gehou het nie.

Ek sien, maar u sê u was nie daarvan bewus nie? -- Ek was nie daarvan bewus nie.

Was u ook nie bewus van 'n persoon soos byvoorbeeld Peaches nie? -- Glad nie.

Nou sê vir my toe die interne ondersoek aan die einde van 1989 geloots is, toe is u versoek om vir generaal Badenhorst by te staan in die ondersoek. Is dit reg? -- Reg.

U was op daardie stadium, as ek dit nie mis het nie, (20)
bewus/...

K73.1762

- 2096 -

WEBB

bewus daarvan dat Streek 6 oor projeklêers beskik, nie waar nie?
-- Wel hy moes oor projeklêers beskik, ja.

Ja. Het u generaal Badenhorst se aandag daarop gevestig dat daar projeklêers bestaan? -- Dit was nooit vir my gevra nie.

Het u generaal Badenhorst se aandag daarop gevestig dat projeklêers bestaan? -- Dit was nooit vir my gevra nie.

U het nie uit eie beweging dit nodig gevind om dit vir generaal Badenhorst te sê nie? -- Nee, op daardie stadium het ons nog nie (30)
geweet wat is die aantygings teen Streek 6 nie.

U het geweet daar was 'n interne ondersoek, nie waar nie?
-- Ons was in Januarie, vroeg Januarie, was ons gevat Kaap toe
en daar is ons gesê gee volle samewerking, vir kolonel Verster
en myself deur HSAW en dit is gedoen.

VOORSITTER: As u sê - sê u dat toe generaal Badenhorst u gesien
het, het u nie geweet wat die bewerings is teen Streek 6 nie? --
Dit het eers later uitgekóm.

MNR. BERTELSMANN: U sê u was nie bewus daarvan nie dat daar
aantygings was dat die BSB betrokke is by die eliminering om BSB
taal te gebruik van medeburgers nie? -- Korrek.

(10)

Is dit nie so dat aan die einde van laas jaar daar reeds wyd
en syd in die media gespekuleer is oor die BSB se be-trokkenheid
by sodanige optrede nie?

VOORSITTER: Die BSB, want ek het nie geweet voor die Kommissie
aangestel is van die BSB nie?

MNR. BERTELSMANN: Het u nie geweet dat daar reeds aantygings was
op die stadium toe generaal Badenhorst op die toneel verskyn het
toe hy die opdrag gekry het, dat die BSB by wederregetelike
bedrywighe van dié aard betrokke is nie? -- Nee, ek het nie geweet
nie. Ek het generaal Joubert van die

(20)

Speurhoof/...

K3.1834

- 2097 -

WEBB

Speurhoof gesien en hy het navrae gerig oor is Barnard 'n lid van
BSB aldan nie en hy het ook navraag gerig oor dr. Webster.

So met ander woorde u het op daardie stadium, met ander woorde
aan die begin van hierdie jaar wel kennis gedra van die feit dat
BSB ten opsigte van hierdie bedrywighe ondersoek word. Is dit
reg? -- Nee.

Waaruit sou die interne ondersoek andersins voortgespruit
het? -- In Januariemaand en toe het generaal Badenhorst ons
gekonfronteer met sekere aantygings wat teen BSB gemaak is.

(30)

Nou op daardie stadium is u in Kaapstad aangesê om u volle samewerking aan generaal Badenhorst te gee. Is dit korrek? -- Korrek.

U was op daardie stadium uit die aard van die saak van die bestaan van binnelandse lêers bewus? -- Natuurlik. Nie binnelandse lêers nie, maar projeklêers.

Het u generaal Badenhorst se aandag daarop gevestig dat daar lêers bestaan waarin die optrede van die BSB aangeteken word? -- Nee.

Hoekom nie? -- Dit is normale praktyk binne die weermag gebruik ons lêers, almal weet ons gebruik lêers en as generaal Badenhorst 'n lêer wou gesien het, kon hy gevra het daarvoor. (10)

Met ander woorde u sê generaal Badenhorst moes bewus gewees het van die bestaan van binnelandse projeklêers in elk geval? -- Ek sê nie hy moes bewus gewees het van binnelandse projeklêers nie. Hy moes bewus gewees het van lêers.

Nou sê vir my het u geweet van die bestaan van die soge-naamde noodplan? -- Nee, maar ek het aanvaar dat BSB behoort verskeie noodplanne te hê en moontlik kan so 'n noodplan ook bestaan het.

VOORSITTER: Het die weermag in die algemeen noodplanne?

(20)
-- Ja/...

K73.1902

- 2098 -

WEBB

-- Ja.

MNR. BERTELSMANN: Noodplanne wat in werking gestel kan word ten opsigte van optredes wat deur die weermag self geïnisieer word?

-- Nee.

Goed. Met ander woorde 'n noodplan is daarop gerig om 'n operasie wat in gevaar gestel word of skeef loop te beskerm, nie waar nie? -- Ja.

En om lede tydens operasionele toestande te red indien dit nodig word? -- Onder andere, ja. (30)

Of om die organisasie te red nie waar nie? 'n Noodplan is per definisie nie gerig om die bevelskanaal van die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag na die eenheid toe af te sny nie, nie waar nie? -- Nee, dit is nie.

Of om 'n bevel te dwarsboom nie? -- Beslis nie.

Wanneer het u van die bestaan van die noodplan bewus geword? -- Uit die getuienis wat kolonel Verster hier gegee het.

U het nie voorheen daarvan kennis gedra nie? -- Nee.

Wanneer het u die eerste keer daarvan bewus geword dat die lêers nie meer is waar hulle behoort te wees nie, die binnelandse projeklêers? -- Nadat getuienis hier gegee is op 5 Maart toe het die voorsitter my versoek om die lêers te kry wat toe navraag gedoen is en die lêers is toe nie beskikbaar nie. (10)

By wie het u navraag gedoen? -- Ek het navraag gedoen by Heiner self en dan ook by een van die getuies wat hier was, by hom ook navraag gedoen.

VOORSITTER: Braam? -- Braam en al wat ek toe kon kry het ek dink was vyf personeellêers.

MNR. BERTELSMANN: Wat is u toe meegedeel waar is die ander lêers/... (20)

K73.1976 - 2099 - WEBB

lêers? -- Hulle het nie geweet nie.

Is u toe meegedeel dat die noodplan in werking gestel is? -- Nee.

VOORSITTER: Hy sê mos hy het eers hier gehoor van die noodplan.

MNR. BERTELSMANN: Wat het u daarna gedoen om die lêers te probeer opspoor? -- Ek kon net navraag doen by hierdie verskeie, dié wat ek nou genoem het. Op daardie stadium was my bevelshoedanigheid as sulks opgeskort by Spesiale Magte. (30)

Het dit beteken dat u nie in staat was om lede van die BSB

aan te sê om lêers te bring nie?-- Korrek, my bevel as sodanig is weggeneem.

Nou wie is nou in die weermag bevoeg om lede van die BSB aan te sê om hulle lêers vir hierdie Kommissie te bring? -- Ek dink uit die vorige getuienis blyk dit dat die lêers is nie beskikbaar nie.

Antwoord asseblief die vraag. U is nou in die ... (tussenbei)
VOORSITTER: Ek dink ons weet dit is brigadier Swart. Hy het by u oorgeneem het hy nie? -- Ja.

MNR. BERTELSMANN: Weet u of brigadier Swart by die lede van BSB (10)
navraag gedoen het ten opsigte van hierdie lêers? -- Ek dink in opdrag van HSAW of watter persoon ookal het brigadier Swart probeer.

Watter ander metodes bestaan daar behalwe om navraag te doen waar die lêers hulleself bevind? -- Wel seker om hulle fasiliteit op beslag te lê. As u bewus is waar die fasili-teit is.

Wel ons weet dat hierdie lêers hulle tans, volgens die getuienis van mnr. Verster wat u gehoor het, in die besit van
buitelandse/...

K73.2045

- 2100 -

(20)
WEBB

buitelandse lede van die BSB .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja en ek weet nie eers of hy dit gesê het nie, maar in elk geval ...?

MNR. BERTELSMANN: Is dit reg?

VOORSITTER: Ek dink nie hy het gesê buitelandse lede nie.

MNR. BERTELSMANN: Dit kan nie in besit wees van Streek 6 nie, nie waar nie? -- Ek weet nie.

U weet nie. Kan u aan enige rede dink waarom daar nie meer aktief van die kant van die Suid-Afrikaanse Weermag opgetree word (30)
om BSB-lede te oortuig om die lêers vir die Kommissie te bring nie.

MNR. BURGER: Mnr. die Kommissaris, ek is jammer dat ek hier moet tussenbeide tree. Ek glo nie die vraag is geregverdig nie. My geleerde vriend weet van bevele wat herhaaldelik gegee is. Al wat nog oorbly is om die mense te elimineer.

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter ... (tussen-bei)
VOORSITTER: Ja mnr. Bertelsmann, wat wil u hê moet die getuie doen?

MNR. BERTELSMANN: Kan ek aan die getuie 'n paar moontlikhede suggereer.

VOORSITTER: Hoekom het u dit nie aan ons kom suggereer nie? (10)

MNR. BERTELSMANN: Die posisie is met respek, die Kommissie kan waarskynlik nie die weermag gelas om optrede te volg soos wat ek aan die getuie wil suggereer nie.

VOORSITTER: Nou suggereer dan.

MNR. BERTELSMANN: Weet u byvoorbeeld waarom die soldy van lede van die BSB nie opgeskort word nie? -- 'n Mens skort nie lede se soldy op bloot omdat daar 'n ondersoek aan die gang is nie. As 'n lid, na hy skuldig bevind is en dit is ook binne die/...

K73.2107 - 2101 - (20)
WEBB
die finansiële regulasies dan sal sy soldy opgeskort word.

Waarom word die individuele lede van die BSB nie deur die weermag opgevolg ten aansien van die besit van die lêers nie? -- Watter lede moet 'n mens opvolg?

Van die een na die ander? -- Met ander woorde jy moet nou al die lede se soldy stop om al die lede te straf terwyl daar miskien vyf lede betrokke is by die lêers.

Nee, maar waarom word nie een na die ander van die BSB se lede ingeroep en gevra waar die lêers is nie?

VOORSITTER: Watter antwoorde verwag u gaan hulle gee as hulle dit wegsteek? (30)

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter, die vraag op hierdie stadium is daarop gemik om vas te stel ... (tussenbei)

VOORSITTER: Is dit dieselfde vraag wat u aan die Kommissie gestel het, dat ons hierso honderd getuies moet inroep en een vir een moet vra het jy die lêer. Ek dink die "met respek" maak dit nie beter nie. Dit help nie. Ons het ons bes probeer. Ek meen u het ons gister op 'n "wild goose chase" gejaag. Ek beskuldig u nie daarvan nie. Al wat ek sê is ons het probeer, ons het dit gedoen, daar was niks gewees nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar die term "wild goose chase" suggereer dat
(10)
ons nie bona fide was nie.

VOORSITTER: Nee, julle was bona fide. Al wat ek sê is ons was op 'n "wild goose chase" as meerderes gewees, u weet dit ook.

MNR. BERTELSMANN: Met respek. Die vrae is nie daarop gemik om te suggereer dat die Kommissie nie sy werk doen nie, maar die vrae is wel daarop gemik om vas te stel waarom die weer-mag hierdie funksie nie uitoefen nie.

VOORSITTER: U sien, maar u het 'n eenvoudige probleem met
hierdie/...

K73.2178

- 2102 -

(20)
WEBB

hierdie getuie. Hierdie getuie se bevelsbevoegdheid is hom weggeneem. Hy het geen funksies in die weermag op die oomblik nie. Hy kan geen funksies daar uitvoer nie. Dan moet u die Hoof van die Weermag die vraag vra. Ek dink nie dit is billik om hierdie getuie daardie vraag te vra nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Kom ons sluit hierdie punt dan op hierdie basi af. U weet nie van enige ander optrede van die kant van die weermag wat geneem is om te poog om die lêers van die binnelandse projekte wat verdwyn het
(30)
te vind nie. Is dit reg? -- Ek sal nie weet nie, want op daardie stadium was ek uit sirkulasie uit.

U is nie in kennis gestel daarvan nie, u het niks daarvan vasgestel nie, korrek? -- Niemand sal my in kennis stel nie, waarvoor.

Sê vir my het u geweet van die geval Mhlaba? -- Nee. Dit is hierdie Natal geval nou?

Dit is die Natal geval. U het die getuienis van Shane du Plooy in daardie verband gister gehoor. Is dit reg? -- Ja.

U het gehoor dat Shane du Plooy as gevolg van die feit dat hy in Mosambiek iets oor mnr. Mhlaba verneem het, besluit het om mnr. Mhlaba in hierdie verband te moniteer, nie waar nie? -- Volgens sy getuienis, ja. (10)

U het ook gehoor dathy gesê het dat hy dit as deel van sy normale werksaamhede gedoen het. Is dit reg?-- Dit is reg.

Stem u saam dat hy in daardie opsig korrek opgetree het? -- Indien mnr. Mhlaba byvoorbeeld betrokke was by dit wat beweer was dan sou die optrede korrek gewees het mits hy dit in die buiteland gedoen het.

Die blote monitering van mnr. Mhlaba in Durban was dit korrek of was dit nie korrek nie? -- Dit kon deel gewees het

van/... (20)

K73.2278

- 2103 -

WEBB

van sy volle plan om agter te kom oor waarmee is hierdie individu besig aldan nie.

So met ander woorde sy optrede in Durban sou binne sy normale werksaamhede geval het? -- Dit kon.

Dit kon binne sy normale werksaamhede geval het. U het uself nie verder ten opsigte van die geval Mhlaba vergewis van wat daar gebeur het, behalwe van wat u hier in getuienis gehoor het, nie waar nie? -- Korrek. (30)

U het ook gehoor dat mnr. Du Plooy gesê het dat mnr. Mhlaba ten spyte van die feit dat hy in Durban woonagtig was in Mosambiek

inderdaad geëlimineer kon gewees het, nie waar nie? -- Hy kon, ja.

Dit sou ook inpas by die algemene planstrategie van die BSB.

Is dit reg? -- Nee, mits al die nodige magtigings gekry was dan kon so 'n aksie geloods wees, maar dit is nie normale praktyk nie.

Wel dit hang af van die magtiging nie waar nie? -- Ja.

Wat sou gebeur as 'n persoon wat normaalweg buite die Republiek woonagtig is, sê maar in Mosambiek, as 'n teiken geïdentifiseer word en daar word 'n projek geloods in terme waarvan hierdie persoon geëlimineer moet word en voordat die eliminering kan plaasvind kom daardie persoon na Suid-Afrika toe en die BSB (10) operateur wat hom moet elimineer tref hom in Suid-Afrika aan.

Is ek reg om te veronderstel dat die operateur hom dan wel in Suid-Afrika sou elimineer? -- Nee, u veronderstelling is verkeerd.

Waarom sou hy dit nie doen nie? -- Hy het nie magtiging om dit in Suid-Afrika te doen nie.

Goed, as hy dan ... (tussenbei)

VOORSITTER: Is daar 'n spesifieke, word daar spesifieke planne/...

(20)

K73.2354

- 2104 -

WEBB

planne goedgekeur vir elke optrede? -- Dit is reg.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde indien so 'n persoon Suid-Afrika toe kom sê u dat die plan in heroorweging geneem sou moes word? -- Die plan sou dan nie meer bestaan het nie.

Ek volg. Met ander woorde daar sou dan 'n nuwe projek geloods moes word, indien hoegenaamd? -- Nie binnelands nie.

Goed, behalwe vir die gevalle wat ons nou van bewus is.

VOORSITTER: Ek weet nie, wat suggereer u, wil u hê die getuie moet ja sê? (30)

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Die

befondsing van (tussenbei)

VOORSITTER: Want nie een van die gevalle waarvan ek weet is u veronderstelling van toepassing nie.

MNR. BERTELSMANN: Met respek, soos dit u behaag. Die be-fondsing van die BSB waar het die finansiële bestuurders hulle fondse vandaan gekry? -- Meen u fisiese geld?

Die fisiese geld. -- Van Spesiale Magte af.

En dit is fisies oorhandig? -- Dit is reg.

Hoe is daarvoor verreken? -- Dit is behoorlik verreken, 'n kwartaallikse begroting, dit word goedgekeur. Hulle het hulle (10) bedrag wat hulle mag eis. Hulle kom deur en hulle vra sekere bedrae aan wat deur my goedgekeur word deur my eie Senior Stafoffisier Finansies. Na die goedkeuring daarvan dan word die spesifieke finansiële bestuurder gekry en dan gaan hulle bank toe en hulle kry die geld en die fondse word oorhandig.

Ek volg. Is dit korrek dat benewens fondse wat aan die staat beskikbaar gestel word aan die BSB, die BSB ook in terme van sommige van sy projekte wel fondse genereer? -- Baie klein bedrae ja. Verlede jaar was dit een keer aan my voorgedra.

Verskoning/...
(20)

K73.2448

- 2105 -

WEBB

Verskoning? -- Baie klein bedrae, ja. Verlede jaar was daar een keer aan my voorgedra, hier teen Oktober verlede jaar om te toon watse fondse hulle kon in uit sekere maatskappye uit.

Is dit binnelands of buitelandse? -- Dit was binnelands gewees.

Die fondse se generasie.

Die fondse se generasie. Is daar enige fondse wat in die buiteland gegenerer word? -- Nie na my kennis nie.

Is daar fondse wat in die buiteland gehou word? -- Dit is (30) buitelandse mnr. die Voorsitter, moet ek daarop antwoord?

VOORSITTER: Nee, ek weet nie waarheen ons gaan nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Ten aansien van die dood van dr. Webster, wanneer het u daarvan gehoor? -- In die koerant.

Het u self enige navrae oor dr. Webster gedoen? -- Nadat generaal Joubert ons genader het, het ek navrae gerig.

Met ander woorde nie voordat die interne ondersoek of die ondersoek 'n aanvang geneem het nie? -- Voor die interne ondersoek, ja.

Net nadat generaal Joubert met u in aanraking was? - Ja.

Dit was maande na die geval? -- Junie, Julie verlede jaar, Augustus.

Watter stappe het u toe geneem? -- Ek het kolonel Verster gesien en vir hom gevra weet hy of enige van sy onderbou dalk enigiets hiervan en toe het kolonel Verster opgevolg en terug-gekomen en gesê negatief. (10)

Dit was al wat u gedoen het? -- Ja.

Was u voor hierdie, voor mnr. Webster se dood bewus van sy bestaan? -- Nee.

Mnr. die Voorsitter, ek dink ek is baie naby aan klaar, mag/...

K73.2535

- 2106 -

(20)
WEBB

mag ek vra dat ons nou die verdaging neem dat ek net my notas deurgaan.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT NA TEE.

EDWARD WEBB, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Wat betref die maandelikse begrotings kan ons net weer kortliks na die sisteem kyk. Daar word maandeliks deur u en mnr. Verster na finansies gekyk. Is dit reg? -- Kwartaalliks word 'n begroting voorgelê.

Word projekte soos byvoorbeeld monitering van persone, kwartaalliks oorweeg? -- Dit kan ingesluit wees, ja. (30)

Dit kan ingesluit wees. As mnr. Verster nou in die tweede

kwartaal van die jaar sou besluit om addisionele persone te monitor wat hy nie in die eerste kanaal gemonitor het nie, waar sou die fondse vandaan kom, hoe word daar opge-tree? -- Uit daardie kwartaal se begroting uit.

Uit daardie kwartaal se begroting uit. Met ander woorde hy moet van kwartaal tot kwartaal voorsien wie hy wil monitor? -- As hy individue voor die tyd kan identifiseer, ja.

Maar hy sal nie vir u of hy hoef nie vir u te sê wie daardie persone is nie? -- Hy hoef nie.

En hy hoef ook nie vir u te sê watter prioriteite hy aan sulke persone heg nie? -- Korrek. (10)

Met ander woorde as hy dan tydens die kwartaal 'n prioriteitsverskuiwing maak dan is dit sy diskresie, hy kan self besluit om 'n ander prioriteit aan die monitering van persone toe te ken. Is dit reg? -- Mits hy binne die begroting bly, ja.

En as hy dan vir u, sê nou maar, aan die begin van die kwartaal gesê het dat hy 15 persone wil monitor en dat dit

argumentsonthalwe/...

K73.2617

- 2107 -

WEBB

(20)

argumentsonthalwe R60 000 gaan kos dan kan u daardie bedrag, dan sou u daardie bedrag goedkeur sonder om noodwendig te weet wie gemonitor word, nie waar nie? -- Korrek.

En sonder om te weet wie die monitering gaan doen? -- Korrek.

En wat die doel van so 'n monitering sou wees? -- Ja.

En dit sou mnr. Verster vrystaan om tydens die kwartaal sommige van die moniteringsaksies te staak en ander mense te gebruik of die persone wat daardie monitering gedoen het oor te skuif na iemand anders om iemand anders te monitor en weer eens sonder dat u daarvan enige kennis hoegenaamd dra? -- By monitering, ja. (30)

Goed, met ander woorde, u was in daardie opsig eintlik maar

net op mnr. Verster se mededelings aangewese? -- En sy streekbestuurders.

En sy streekbestuurders. Het u self ooit kontrole gehou oor monitering van persone? -- Nee.

Het u geweet dat byvoorbeeld Dullah Omar gemoniteer is? -- Nee.

Het u geweet dat 'n bedrag van R10 000 aangewend is vir die monitering van mnr. Omar? -- Nee.

Dit het ook nie in die maandelikse finansiële verslag vorendag gekom nie? -- Nee, maar soiets sou uiteindelik uitkom.

Maar volgens die stelsel wat u aan ons verduidelik word 'n globale bedrag toegeken ten opsigte van monitering van persone? -- Kan toegeken word. (10)

Kan toegeken word. Usself word nie meegedeel wie met hierdie geld gemonitor gaan word nie? -- Nie noodwendig nie.

Wel ons wet in hierdie besondere geval dat u beslis nie daarvan/...

K73.2714 - 2108 - WEBB

daarvan in kennis gestel is nie. Ons weet dat dit in Evans se geval ook so was. -- Evans is moontlik dat hulle my kon gesê het. (20)

Is Evans moontlik? -- Vir monitor, dit is moontlik dat dit kon oorgedra gewees het.

Het u van mnr. Evans geweet? -- Ek sê dit is moontlik dat dit vir my kon oorgedra gewees het vir monitor, want die van Evans is ook gekoppel by Grösskopf.

Verskoning mnr. die Voorsitter? So u sê dit is inderdaad moontlik dat u geweet het dat mnr. Evans 'n potensiële projek was dat hy gemonitor word? -- Ek sê dit is moontlik ja, vir monitering, maar Evans, maar die van Evans is ook gekoppel aan Grösskopf. (30)

Is u daarna ooit in kennis gestel wat van die geval Evans geword het, wat van die monitering geword het, wat die monitering

opgelewer het? -- Nee, behalwe dat die persoon Evans of 'n persoon Evans, geskakel het met Grösskopf en dat Gröss-kopf ook die skuilnaam Evans gebruik het.

Wie het dit vir u meegedeel?-- Dit kom van BSB af.

Ek sien. Nou kan u onthou wie vir u daardie inligting verstrek het? -- Dit kan mnr. Verster wees.

Ek sien. Sou dit enigiemand anders wees? -- Nee.

Sê vir my, as u nou argumentsonthalwe die bedrag van R60 000 'n kwartaal vir monitering goedgekeur het en daarna word bedrae soos R10 000 aan Omar spandeer sonder dat u daarvan in kennis gestel word of u daarvan kennis dra, watter beheer het u hoegenaamd oor die aantal persone wat gemonitor word en die doel waarvoor hulle inderdaad gemonitor word? --
Is dit die finansiële beheer?

Finansiële beheer of andersins? -- Ek het nie finansiële toesig/...

K73.2840

- 2109 -

WEBB

toesig gehou nie. Dit is waarvoor daar 'n interne ouditeur aangestel was. So sou enige persoon binne BSB 'n korttermyn voordeel wil kry, kan hy dit vir 'n jaar dalk versteek, maar daarna sal dit deur die ouditeure te derde gebring word.

Maar die punt is dat wat die optrede van BSB betref wat hierdie moniteringsaksies aangaan was u in die hande van mnr. Verster en of die streekbestuurders, korrek? -- Hulle het vryheid van beweging nodig gehad.

En hulle het vryheid gehad om te besluit wat hulle wou doen? -- Ten opsigte van monitering.

Ja en hoe hulle die fondse in daardie verband wil skuif en gebruik? -- Mits hulle nie buite die begroting gaan wat vir hulle goedgekeur is vir daardie spesifieke aspek nie.

Het dit ooit gebeur dat hulle buite begroting gegaan het?

-- Ek weet nie. Daardie ouditeuring het nog nie plaasgevind nie.

Met ander woorde tot op hierdie stadium weet u nie of daar binne begroting gehou is nie? -- Nee, ek weet nie.

As in enige besondere geval 'n begroting oorskry is hoe sou daardie fondse verkry word? -- Dan moes hulle terugkom na my toe en sê goed in stede van vyf te monitor moes ons tien monitor. So ons het vyf addisionele persone gemonitor, ons het addisionele fondse nodig. -- Ek volg.

Wat is u persoonlike reaksie op die feit dat R10 000 spandeer is om vir Omar te monitor? -- Ek dink dit is te duur.

(10)

Het u dit ooit geopper met enigiemand? -- Ek sê mos vir u ek was nie bewus daarvan gewees nie.

Ek volg. Dit kon gebruik gewees het vir enige ander doel uit die aard van die saak?

VOORSITTER: Ja, mnr. Bertelsmann, ons weet.

MNR. BERTELSMANN:/...

K73.2936

- 2110 -

WEBB

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Wat betref die geval Evans het u in u getuienis gesê, bladsy 51 u dra nie kennis daarvan nie. Is dit reg? -- Korrek.

(20)

Maar u sê nou u weet wel? -- Daardie verklaring ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, die bewering teenoor hom gemaak was dat daar 'n eliminerings was.

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter, goed. Die ontkenning was met respek globaal.

VOORSITTER: Wat was die vraag en wat was die antwoord?

MNR. BERTELSMANN: Die antwoord was: "Weer eens ek dra nie kennis daarvan nie en so 'n projek is nie ..."

VOORSITTER: Waarvan?

(30)

MNR. BERTELSMANN: Dat die projek was dat hy gemonitor was met die doel om hom te elimineer.

VOORSITTER: En hy het gesê hy dra nie kennis daarvan nie. Dit is die punt wat ek teenoor u maak.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter, dit sluit monitering in.

VOORSITTER: Dit is nie so nie, maar in alle geval gaan maar voort.

MNR. BERETLSMANN: Was u ooit betrokke by gesamentlike bestuurskomitees in u hoedanigheid as bevelvoerder van BSB? -- Ten opsigte by wie?

Met sê nou maar dit is gesamentlike inligtingskomitees van die Veiligheidspolisie, die Johannesburgse Stadsraad, die polisie en die weermag? -- Nee, my inligtingspersoneel het gereeld geskakel met die Veiligheidspolisie. (10)

Watter inligtingspersoneel, Spesmagte? -- My inligtings, Spesmagte.

Het/...

K73.3029

- 2111 -

WEBB

Het die BSB ooit geskakel? -- Nie waarvan ek weet nie.

Het die BSB ooit geskakel met Spesmagte Inligting? -- Ja.

Deur wie? -- Hulle inligtingsoffisiere dié het geskakel met my inligtingspersoneel. (20)

Die inligtingsoffisier van BSB, wie was hy gewees? -- Ek dink sy skuilnaam was Derrick.

Het hy inligting wat BSB verkry het oorgedra? -- Ek aanvaar so. Ek het ook inligting oorgedra vir BSB wat ek verkry het.

Ek sien. Wie het die goue draad gevorm, u of Derrick? -- Ek self.

Het u of u inligtingspersoneel in die skakeling met die polisie persone wat deur òf die een òf albei gemonitor is bespreek? -- Dit weet ek nie, ek was nie teenwoordig nie.

Het u enigsins verslae van sodanige skakelingsverga-derings of ontmoetings ontvang? -- Nee. (30)

Geen terugvoering na u toe nie? -- Wel jy kry inligting. Daar word nie altyd vir jou gesê wat die bron is en wie die bron is nie. So inligting kan kom van Nasionale Inligting af, dit kom van HSI af, dit kan kom van die Veiligheidspolisie af, dit kan kom van BSB af. Jy kan nie identifiseer waarvan-daan dit kom nie. Dit is inligting wat op die tafel kom.

Sê vir my, om terug te keer na die kwessie van die noodplan toe, moes u nie in u hoedanigheid as bevelvoerder bewus gewees het van wat die noodplan behels het nie? -- U praat nou van die noodplan oor die verwydering van die lêers?

(10)

Ja. -- Ek was nie daarvoor voorgelig nie.

Nee, die vraag is moes u nie daarvan geweet het nie? -- Ek sou daarvan moes geweet het mits dit nie teen die weermag gebruik is nie.

En/...

K73.3135

- 2112 -

WEBB

En op dieselfde basis as u die persoon wat die goedkeuring moes verleen om die noodplan in werking te stel nie waar nie, as bevelvoerder? -- Nee, as daardie noodplan aan my voorgelê sou gewees het dan sou ek die person gewees het. Daardie noodplan was nie aan my voorgelê nie. (20)

En dit is deur einste die mnr. Verster wat u vertrou, nie aan u voorgelê nie.

VOORSITTER: Ek dink die noodplan het mnr. Verster gesê, reg of verkeerd, bestaan al voor generaal Webb se tyd.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Het mnr. Verster vir u verduidelik waarom hy die noodplan in werking gestel het? -- Nee.

Het u hom daarvoor uitgevra? -- Nee, ek het vir die eerste keer gehoor van die noodplan hier, in getuienis. (30)

En die inwerkingstelling daarvan? -- Ja.

En u het sedertdien nooit by hom vasgestel waarom hy dit gedoen het nie, nie weer met hom daaroor gesels nie? -- Nee.

Dit het u nie bekommer nie. Het u ooit met die, van die bestaan van 'n eenheid soos die Hammer-groep gehoor? -- Nee.

VOORSITTER: Ek ook nie.

MNR. BERTELSMAN: Met respek.

VOORSITTER: Wat wil u sê?

MNR. BERTELSMANN: Daar is getuienis ten opsigte van die bestaan van so 'n groep in 'n ander kommissie gelei wat moontlik belang mag hê.

VOORSITTER: O, dankie. U noem iets wat vir my niks beteken nie. (10)

Wat beteken dit? Watse verband het dit met BSB?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, ek weet nie of daar 'n verband bestaan het nie. Daar is getuienis in ander kommissies gewees, met respek mnr. die Voorsitter, wat oor

hierdie/...

K73.3253

- 2113 -

WEBB

hierdie aspekte gegaan het. Dit is aspekte wat nog steeds op hierdie stadium deur hierdie agbare Kommissie moontlik ondersoek sal moet word. U weet dat ons met u amptenare in daardie verband in gesprek is op hierdie stadium. (20)

VOORSITTER: Wat is die Hammer, sê maar net wat is die Hammer-kommissie of 'n Hammerkop of wat dit ookal is, want ek weet nie waarvan u praat nie?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, die Hammer-groep is 'n eenheid wat na verwys is as synde 'n operasionele inligtingseenheid wat voor die Hiemstra-kommissie ter sprake is.

VOORSITTER: Ja, aan wie behoort dit?

MNR. BERTELSMANN: Ek weet nie. Dit is wat ek probeer uitvind.

VOORSITTER: O, nee dankie. Ek wil net weet waarvan ons praat, want u weet as ek net hier neerskryf die getuie weet nie van die (30)

Hammer-groep nie, dan maak dit nie vir my sin in 'n konteks nie, u volg? Verstaan u?

MNR. BERTELSMANN: Nee, ek volg wat u sê, ek moet sê ek betreur dit dat ek die indruk kry dat u voel dat ons in teen-oorgestelde rigtings werk, dat ons ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, ek weet nie in watter rigting u werk nie, ek probeer die waarheid uitvind oor goed wat binne my terme val.

MNR. BERTELSMANN: Ja mnr. die Voorsitter en dit is met respek presies dit wat ons probeer doen.

VOORSITTER: Nee, goed.

MNR. BERTELSMANN: En ons het u in die verlede reeds verseker dat ons probeer om u so baie hulp as moontlik in daardie verband te verleen. Generaal wat betref die monitering van mnr. Lubowski, was u bewus daarvan dat dit gedoen is? -- Ja. (10)

In/...

K73.3367

- 2114 -

WEBB

In Suid-Afrika? -- In Suid-Afrika.

Was u bewus daarvan dat daardie monitering, waar daardie monitering plaasgevind het? -- In Kaapstad en Johannesburg.

Het u daardie monitering ooit verder opgevolg? -- Daar was terugrapporteer dat daar niks noemenswaardig was nie. (20)

Het u dit gevolg oor landsgrense heen? -- Nee.

Het u verslag gedoen oor wat ten opsigte van Lubowski vasgestel is na ander instansies in die weermag? -- Soos ek vir u sê daar was niks noemenswaardig gewees nie, so daar was niks om oor verslag te doen nie.

Die uitbrand van Kombi's in Kaapstad het u daardie aspek ooit verder opgevolg nadat dit onder u aandag gekom het dat daar so 'n projek bestaan het? -- Dit het eers onder my aandag gekom met die interne ondersoek. (30)

U het geen verdere navrae daaromtrent gedoen nie? -- Nee.

Optredes in Suidwes ten opsigte van Kombi's wat daar uit-gebrand is? -- Dit is buitelands, ek antwoord nie vrae daarop nie.

Met respek mnr. die Voorsitter, het u kennis daarvan gedra dat daar so 'n projek van stapel gestuur is?

VOORSITTER: Die getuie het gesê hy antwoord nie die vraag nie.

MNR. BERTELSMANN: Weet u van enige van hierdie volgende persone dat hulle as projekte of vir monitering of andersins bestaan het: Laurie Nathan, Joseph Manga?-- Nee.

Andrew Boerrein? -- Nee.

(10)

Jay Naidoo? -- Nee.

Tutu? -- Nee.

U dra geen kennis van biskop Tutu nie?

VOORSITTER: U het gevra van monitering?

MNR. BERTELSMANN:/...

K73.3505

- 2115 -

WEBB

MNR. BERTELSMANN: Alan Boessak?-- Nee.

Frank Chikane? -- Nee.

Mnr. Moses Maiso? -- Nee.

(20)

Johny Essel? -- Nee.

Lionel Lowe? -- Nee.

Indien daar sodanige projekte bestaan het is dit nooit aan u voorgelê nie? -- Ek weet nie van sulke projekte nie.

U dra geen kennis van sodanige projekte nie. Ten opsigte van die feit dat daar projekte soos Evans en Omar bestaan het waarvan u geen kennis gedra het nie, kan u uit die

K74 aard van die saak vir hierdie Kommissie nie die versekering gee dat daar nie ander soortgelyke projekte bestaan het waar-van u geen kennis gedra het, nie waar nie? -- Huidig nie, ja.

(30)

En dat sodanige projekte teen soortgelyke persone met soortgelyke politieke oortuigings inderdaad uitgevoer is nie

sonder dat u daarvan geweet het nie? -- Dit sal die BSB net in die korttermyn kan mee wegkom, nie in die langtermyn nie.

Die punt is u kan die Kommissie nie die versekering gee dat sodanige projekte nie werklik uitgevoer is nie. Dit punt is dat as iemand probeer in BSB om in die korttermyn 'n sekere bedrag geld te verskuif om 'n teiken te slaan, watse voordeel gaan hy daaruit kry na 'n jaar nadat die ouditeure dit opgetel het. Met ander woorde as daar 'n moord gepleeg is, dan sou dit na 'n jaar uitgekom het.

Dit is nou op die veronderstelling dat hy noodwendig fondse vir daardie moord sou aangewend het nie waar nie? -- Wat kan hy doen sonder fondse? (10)

Ek sal aan 'n hele reeks moontlikhede kon dink, nie waar nie? -- Soos?

U weet, u kan vir hierdie Kommissie nie die versekering gee/...

K73.0099 - 2116 - WEBB

gee dat soiets nie gebeur het nie, nie waar nie? -- Ek kan die Kommissie die versekering gee dat indien soiets gebeur het sal dit na 'n jaar uitkom. (20)

Ek volg. Mits daar fondse gebruik is? -- Maar hulle kan niks doen sonder fondse nie.

Dra u kennis van 'n persoon met die naam van Numoller? -- Numoller. Ek dink ek het sy naam gehoor, ja.

In watter verband, was hy betrokke by BSB? -- Ek het gehoor, ek weet nie of hy 'n bewustelike of 'n onbewustelike lid was nie, maar dat hy wel betrokke was by BSB.

Dra u kennis van fondse wat aan hom beskikbaar gestel is? -- Nee.

U weet nie vir watter doel hy vir BSB gebruik is nie? -- Nee. (30)

Sou u geweet het indien daar 'n groot bedrag geld aan hierdie

man oorbetaal is? -- Ek behoort te gewee het, ja.

U behoort te gewee het. As daar in die orde van 'n half miljoen aan hom betaal sou gewees het, sou u dit gewee het?

-- Beslis.

Moes u goedkeuring aan so iets geheg het? -- Natuurlik, ja.

Ek volg. Het u dit ooit gedoen? -- Nee.

Wat betref buitelandse projekte van die BSB wat is die huidige status daarvan? -- Dit gaan weer oor die buiteland.

U wil nie daarop antwoord nie? -- Nee. Die Minister het reeds afgekondig dat alle aktiwiteite van BSB is opgeskort.

(10)

Is dit inderdaad gedoen? -- Natuurlik is dit gedoen.

Dra u kennis daarvan? -- Ja.

Het u dit opgevolg? -- Daardie opdrag het ons al lankal gegee dat dit moet gestaak word.

U/...

K73.0160

- 2117 -

WEBB

U het opdrag gegee? -- Ja.

Het u die opdragte opgevolg? -- Dit is aan my terugge-rapporteer, ja.

(20)

Wie het aan u gerapporteer, Joe Verster? -- Ja.

Ek volg en is dit die enigste basis waarop u daarvan in kennis gestel is? -- Wat se ander basis is daar?

Met ander woorde weer eens kom ons terug daarby dat ten opsigte van inligting waaroor u beskik is u ten opsigte van BSB wesenlik in die hande van mnr. Verster of die ouditeur? -- Plus die personeel wat dien binne die BSB.

Indien daar enige aktiwiteite op hierdie stadium in die BSB sou aangaan is dit sonder u medewete? -- Wel huidiglik het ek geen uitvoerende magte meer nie.

(30)

So goed, met ander woorde u sou nie weet nie? -- Huidiglik nie.

Toe generaal Joubert u konfronteer ten opsigte van die geval van David Webster, sê u toe het u gaan navraag doen by Verster?
-- Korrek.

Waarom was dit nodig? -- Omdat ek 'n navraag gekry het van generaal Joubert af.

Maar u sê dan u plaas vertrouwe in Verster? -- By wie anders sal hy die navraag rig?

Maar kon u nie net eenvoudig gesê het maar ek sou geweet het?
-- Ek het vir generaal Joubert gesê sover my kennis strek is ons nie betrokke nie, maar ek het nogtans gaan navraag doen by kolonel Verster om te verseker. (10)

So om seker te maak? -- Om te verseker ja, dat my antwoord aan generaal Joubert korrek is.

En u het die versekering gekry van mnr. Verster? -- Korrek.
Was/...

K73.0223

- 2118 -

WEBB

Was u by by die ondersoek wat deur generaal Badenhorst en brigadier Engelbrecht gedoen is? -- Nee.

Is u versoek om hulle van inligting te voorsien? -- Ja. (20)
Het u getuienis voor hulle afgelê? -- Ja.

Was dit op skrif? -- ee.

Net mondeling? -- Ja.

Het u verwys na lêers terwyl u daardie getuienis afgelê het?
-- Nee.

Het u lêers vermeld? -- Nee.

Was die lêers beskikbaar? -- Ek aanvaar so.

Is hulle ter insae geneem? -- Nie sover ek weet nie, nie in my teenwoordigheid nie.

Het hulle ook nie na die bestaan van die lêers verwys nie?
-- Nee. (30)

Mnr. die Voorsitter as u my so 'n oomblikkie kan gee? Wat

weet u van die Kinross-lêer? -- Kinross, ek weet nie.

U getuienis was dat daar ongeveer 139 projekte van die BSB op hierdie stadium aan die gang is, so tussen 150 en 160 projekte op hierdie stadium, verskoning, van die BSB aan die gang is. Is dit reg? -- Op daardie stadium.

Op daardie stadium. Tot dusver het daar slegs 67 lêers ten opsigte van buitelandse projekte aan die daglig gekom. Weet u waar die ander lêers is? -- U moet nou verstaan dat as hierdie persone byvoorbeeld 'n motor aankoop, hetsy of dit 'n motor is wat deur die individu bestuur word of vir 'n projek, dan is dit ook 'n projek wat hulle voer. As hulle mense in diens neem dan is dit ook 'n projek. So 'n projek moet u nie net sien as iets wat operasioneel georiënteer is nie. (10)

Is al die lêers behalwe die binnelandse lêers aan die Kommissie voorgelê? -- Ek weet nie. Die lêers is nie onder my/...

K73.0289

- 2119 -

WEBB

my beheer nie, dit was nog nooit onder my beheer gewees nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Net kortliks asseblief, het u gedurende u dienstermyn as voorsitter van BSB ooit van hoër gesag magtiging gekry om dae van geweld binnelands te verrig? -- Gedurende my tyd is BG Spesmagte nooit, enigsins 'n senior vir my genader vir enige binnelandse optrede nie. (20)

Dit is aan u geïnsinueer dat dr. Webster deur die BSB vermoor kon gewees het sonder dat u daarvan sou geweet het. Is daar enige rede hoegenaamd vir u om te vermoed dat so iets kon gebeur het? -- nee.

Wat u betref kon enige privaat persoon of enige persoon van ander veiligheidsmagte of buitelanders selfs vir dr. Webster se moord verantwoordelik gewees het? -- Ek sou nie die veiligheidsmagte daarby insluit nie. (30)

Nee, maar enigiemand kon dit gedoen het? -- Enige persoon kon dit gedoen het.

En wanneer 'n BSB-lid ongemagtig binnelands daade van geweld sou pleeg, sal u met my saamstem dat hy besig is om 'n misdryf te pleeg en dit doen as 'n individu? -- Dit is korrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Geen vrae.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

VOORSITTER: Is dit reg dat daar 'n reëling is met mnr. Du Toit dat ons môremiddag 14h00 aangaan?

MNR. McNALLY: Dit is reg so?

MR LUITINGH: Yes Mr Chairman, that is the arrangement.

CHAIRMAN: Will we be able to finish tomorrow afternoon?

MR LUITINGH: Yes.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 14H00 OP 30 MEI 1990.

---oOo---

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.